Access fun Grade 8–12 quizzes, matric past papers, K53 learner mock tests, and NBT prep!

All in one easy-to-use app.

DOWNLOAD GO STUDY NOW

Download on the App Store

GET IT ON Google Play

Tap on the buttons above to download the app

www.gostudy.club

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2018

GEOGRAFIE V1
NASIENRIGLYN

PUNTE: **225**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 14 bladsye.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

AFDELING A: DIE ATMOSFEER EN GEOMORFOLOGIE

VRAAG 1

1.1	1.1.1	F (Westewinde) (1)		
	1.1.2	D (Aardradiasie) (1)		
	1.1.3	E (ITKS) (1)		
	1.1.4	A (Lugdrukgradiënt) (1)		
	1.1.5	H (Straalstroom) (1)		
	1.1.6	B (Adiabaties) (1)		
	1.1.7	I (Polêre front) (1)		
	1.1.8	C (Lugmassa) (1)	(8 x 1)	(8)
1.2	1.2.1	magma (1)		
	1.2.2	intrusiewe (1)		
	1.2.3	grootste (1)		
	1.2.4	lopoliet (1)		
	1.2.5	pyp (1)		
	1.2.6	lakkoliet (1)		
	1.2.7	batoliet (1)	(7 x 1)	(7)
1.3	1.3.1	Die deurlopende, gerigte beweging van seewater (1) (**Konsep**)	(1 x 1)	(1)
	1.3.2	Temperatuurverskille (1) Soutgehalte van water (1) Brekende golwe (1) (**Enige TWEE**)	(2 x 1)	(2)
	1.3.3	Corioliskrag sal veroorsaak dat die seestroom na links beweeg in die suidelike halfrond en na regs beweeg in die noordelike halfrond (2)	(1 x 2)	(2)
	1.3.4	Dit sal die temperatuur verhoog (2) Dit dra meer vog en sal hoër reënval veroorsaak (2)	(2 x 2)	(4)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

	1.3.5	(a)	Oordrag van hitte-energie na kouer plekke en koeler energie na warmer plekke (2) Handhaaf die hittebalans op aarde (2) (**Enige EEN**)	(1 x 2)	(2)
		(b)	Koue water is dig en sink na die bodem van die see (2) Warm water is minder dig en bly hoër op, nader aan die oppervlak van die water (2) Die deurlopende afsak van koue water en die styging van warm water skep 'n tipe sirkelbeweging (2) (**Enige TWEE**)	(2 x 2)	(4)
1.4	1.4.1		Corioliskrag (CK) (1)	(1 x 1)	(1)
	1.4.2		Die druk is hoër in die suide (1)	(1 x 1)	(1)
	1.4.3		Suidwes /SW (1)	(1 x 1)	(1)
	1.4.4		Noordelike halfrond (1) Die afwyking van die wind is na regs (1)	(1 + 1)	(2)
	1.4.5		Die wind is parallel met die isobare (2) Drukgradiëntkrag (DGK) en Corioliskrag (CK) is in balans (2) (**Enige EEN**)	(1 x 2)	(2)
	1.4.6		Lug beweeg aanvanklik van hoë druk tot lae druk, as gevolg van drukgradiëntkrag (2) Sodra lug begin beweeg, veroorsaak die Coriolis-krag dat dit afwyk (2) Die afwyking hang af van die halfrond (regs in die noordelike halfrond en links in die suidelike halfrond) (2) Afwyking sal voortduur totdat CK en DGK in balans is (2) Wanneer dit gebalanseer is, waai dit nou parallel met die isobare (2) (**Enige VIER**)	(4 x 2)	(8)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

1.5	1.5.1	Heuwellandskappe (1)	(1 x 1)	(1)
	1.5.2	Chemiese verwering (1)	(1 x 1)	(1)
	1.5.3	Die welige plantegroei dui daarop dat die gebied in 'n hoë reënvalgebied geleë is (2) Die water los die minerale in die rots op (2)	(2 x 2)	(4)
	1.5.4	Landskap B (2) Steil hellings, met harde weerstandige kaprots wat vertikale (afwaartse) erosie moeilik maak (2)	(2 + 2)	(4)
	1.5.5	<u>Landskap A</u> Die hellings kan geterrasseer word, en kontoerploeëry kan beoefen word om gewasse te plant (2) <u>Landskap B</u> Die landskap is nie geskik nie omdat die terrein ru is en die reënval is laag, volgens die yl plantegroei op die skets. (2)	(2 x 2)	(4)
1.6	1.6.1	Stapel geronde kernstene wat bo-op mekaar balanseer (1) (**Konsep**)	(1 x 1)	(1)
	1.6.2	Batoliet (1) Lakkoliet (1) (**Enige EEN**)	(1 x 1)	(1)
	1.6.3	Die kernstene is goed gerond (2)	(1 x 2)	(2)
	1.6.4	Die basis van die stapelrots is nog steeds verbind met die oorspronklike granietgesteentes (2) Stapels ontwikkel uit stollingsgesteentes, wat moeilik erodeer (2) Tydens die ontwikkeling van stapelrotse was die kernstene verbind toe reënwater in die krake en nate ingesypel het (2) (**Enige TWEE**)	(2 x 2)	(4)
	1.6.5	Stollingsgesteentes koel onder die aardoppervlak af (2) Afgekoelde magma lei tot krake en nate in die rots (2) Chemiese verwering vind plaas wanneer grondwater in die krake en nate beweeg (2) Krake en nate word verbreed deur erosie (2) Die uiteindelike verwydering van oorliggende rotslae, stel die kernstene bloot (2) Die nate en krake word verder verbreed deur meganiese verwering en erosie (2) (**Enige VIER**)	(4 x 2)	(8)
				[75]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 2

2.1	2.1.1	Ewenaar (1)		
	2.1.2	Hoogdruk (1)		
	2.1.3	Sub-tropiese hoog (1)		
	2.1.4	Middelbreedte sikloon (1)		
	2.1.5	Bolug divergensie (1)		
	2.1.6	Hadley-sel (1)		
	2.1.7	Polêre sel (1)	(7 x 1)	(7)
2.2	2.2.1	Grondverskuiwings (1)		
	2.2.2	Grondkruip (1)		
	2.2.3	Rotsstortings (1)		
	2.2.4	Moddervloei (1)		
	2.2.5	Rotsstortings (1)		
	2.2.6	Moddervloei (1)		
	2.2.7	Solifluksie (1)		
	2.2.8	Grondkruip (1)	(8 x 1)	(8)
2.3	2.3.1	Dit is ʼn kaart wat ʼn opsomming van weer oor ʼn groot gebied vir ʼn dag aantoon (1) (**Konsep**)	(1 x 1)	(1)
	2.3.2	1020 hPa (1)	(1 x 1)	(1)
	2.3.3	Hitte laag oor die binneland (1) Redelik hoë temperature oor die binneland (1) Suid-Atlantiese hoë druk is verder suid geleë, wat aandui dat die ITKS in die suidelike halfrond is (1) Onstabiele, bewolkte toestande oor die binneland (1) (**Enige TWEE**)	(2 x 1)	(2)
	2.3.4	Suid-Atlantiese (1)	(1 x 1)	(1)
	2.3.5	Die beweging van die ITKS suidwaarts, met die oënskynlike direkte sonstrale, het veroorsaak dat die hoë druk verder suid migreer het (2)	(1 x 2)	(2)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

2.3.6 (a) Suidwes / SW (1) (1 x 1) (1)

(b) Die kloksgewysde beweging van lug by die laagdruk beïnvloed die windrigting by die weerstasies (1 x 2) (2)

2.3.7



(4 x 1) (4)

2.4 2.4.1 Droogte is 'n lang tydperk met min of geen reënval wat menslike aktiwiteite beïnvloed (1)
(**Konsep**) (1 x 1) (1)

2.4.2 A – Hidrologiese droogte (1)
B – Meteorologiese droogte (1)
C – Landboukundige droogte (1) (3 x 1) (3)

2.4.3 As daar 'n afname in reënval is, sal die oesuitset ook afneem (2)
Hoe langer 'n meteorologiese droogte bestaan, hoe minder sal landbouproduksie wees (2) (2 x 2) (4)

2.4.4 Watertekorte kan lei tot konflikte tussen lede van die gemeenskap (2)
Onproduktiewe grond lei tot armoede (2)
Landelike-stedelike migrasie as gevolg van voedseltekorte en voedselonsekerheid(2)
Vermenigvuldiger-effek van landelike-stedelike migrasie (2)
Werktekorte as gevolg van minder belegging, lei tot sosiale euwels soos dwelmmisbruik, bendes, prostitusie, ens. (2)
(**Enige VIER**) (4 x 2) (8)

2.5 2.5.1 Homoklinale rug se duikhelling tussen 25°– 45° (1)
Cuesta se duikhelling tussen 10°– 25 (1) (2 x 1) (2)

2.5.2 Sedimentêre gesteentes (1) (1 x 1) (1)

2.5.3 Verskuiwings (1)
Plooiing (1)
(**Enige EEN**) (1 x 1) (1)

2.5.4 (a) Die duikhelling is geleideliker as die eskarphelling (2)
(1 x 2) (2)

(b) Daar is meer onderkelwing, aangesien sagter materiaal onder die weerstandbiedende laag is (2)
Die duikhelling is op die weerstandbiedende laag en is dus moeilik om te erodeer (2) (2 x 2) (4)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

2.5.5 Die eskarphelling is te steil vir landbouaktiwiteite (2)
Grond is te dun op die duikhelling (2)
Infrastruktuur soos paaie en spoorlyne is baie duur om aan te lê (2)
(Enige TWEE) (2 x 2) (4)

2.6 2.6.1 A – Konvekse helling (1)
B – Konkawe helling (1) (2 x 1) (2)

2.6.2 Baie steil, met oormatige erosie (2)
Daar is geen grond op hierdie hellingelement nie (2)
(**Enige EEN**) (1 x 2) (2)

2.6.3 (a) Die terugsny van 'n helling
(**Konsep**) (1 x 1) (1)

(b) Parallel terugwyking (1) (1 x 1) (1)

(c) Die sketsarea kom in 'n semi-ariede streek voor (2)
Eskarpterugwyking sal by die krans voorkom (2)
In semi-ariede gebiede bly die hellinghoek en lengte konstant met die terugwyking (2)
(**Enige EEN**) (1 x 2) (2)

2.6.4 ***Helling-element C (Talus-helling)***
Kom onder die krans voor (2)
Bestaan uit verweerde rotsmateriaal wat vanaf die krans geval het (2)
Grondverskuiwings en grondkruip is algemeen op die talus (2)
Die hellinghoek bly uniform (2)
Die helling is gewoonlik konkaaf (2)
Helling-element D (Pediment)
Dit het 'n geleidelike helling (2)
Dit is bedek met sedimente vanaf die talus-helling (2)
Die grond is diep weens die geleidelike hoek (2)
Grondkruip en plaatvloei is algemeen op die pediment (2)
(**AL TWEE ELEMENTE MOET GENOEM WORD - Enige DRIE eienskappe van een helling en EEN van die ander helling**)
(4 x 2) (8)
[75]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 3

3.1	3.1.1	B (Ontwikkeling) (1)		
	3.1.2	B (Vlak van opvoeding en geletterdheidskoers) (1)		
	3.1.3	A (Kern-en periferie model) (1)		
	3.1.4	B (Primêre) (1)		
	3.1.5	A (BRICS) (1)		
	3.1.6	D (Vryehandel) (1)		
	3.1.7	D (humanitêre hulp) (1)	(7 x 1)	(7)
3.2	3.2.1	Natuurlike hulpbronne (1)		
	3.2.2	Humus (1)		
	3.2.3	Groen ekonomie (1)		
	3.2.4	Hidroëlektrisiteit (1)		
	3.2.5	Volhoubare ontwikkeling (1)		
	3.2.6	Suurreën (1)		
	3.2.7	Kweekhuisgasse (1)		
	3.2.8	Biota (1)	(8 x 1)	(8)
3.3	3.3.1	A – Afrika (1) B – Europa (1)	(2 x 1)	(2)
	3.3.2	Slawehandel (1) Kolonialisme (1) Industriële revolusie (1) (**Enige EEN**)	(1 x 1)	(1)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

	3.3.3	(a)	B (1)	(1 x 1)	(1)
		(b)	Europa se infrastruktuur en tegnologiese ontwikkeling is groter en beter as dié van Afrika (2) Europa is meer verstedelik as Afrika (2) Europa ontwikkel ten koste van Afrika (2) (**Enige TWEE**)	(2 x 2)	(4)
		(c)	Kontinent A sal 'n negatiewe handelsbalans hê (2) Grondstowwe het 'n laer monetêre waarde as vervaardigde goedere (2) Grondstowwe, veral nie-hernieubare hulpbronne van land A, sal uitgeput word (2) Dit kan lei tot hoër lenings en stagnasie van ekonomiese ontwikkeling (2) (**Enige DRIE**)	(3 x 2)	(6)
3.4	3.4.1		'n Sisteem/sisteme wat alle lande van die wêreld verbind (1) (**Konsep**)	(1 x 1)	(1)
	3.4.2		Die VSA is een van die grootste uitbuiters van ontwikkelende lande (2) Die VSA sal die ander groot lande help om Afrika verder te eksploiteer/uit te buit (2) (**Enige EEN**)	(1 x 2)	(2)
	3.4.3		China is 'n opkomende ekonomie en nie deel van die groter handelsblokke nie (2)	(1 x 2)	(2)
	3.4.4	(a)	Multi-nasionales is besighede wat in baie verskillende lande gelyktydig funksioneer. Met ander woorde, dit is 'n maatskappy wat besigheidsaktiwiteite in meer as een land het. (1) (**Konsep**)	(1 x 1)	(1)
		(b)	MNC betaal plaaslike regeringsamptenare om hulpbronne van hul land te ontgin (2) Plaaslike regeringsamptenare kan beleide implementeer wat multinasionale korporasies sal bevoordeel (2) (**Enige EEN**)	(1 x 2)	(2)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

3.4.5 ***Positiewe impak***
Migrasieprosesse word makliker en vinniger (2)
Internasionale netwerke maak dit makliker om te kommunikeer (2)
Mense leer oor die tradisies en kulture van ander nasies (2)
Internasionale ingryping tydens menslike of natuurrampe kan baie makliker en effektief geïmplementeer word (2)
Deur globalisering het baie MNK's werksgeleenthede na armer lande gebring (2)
Negatiewe impak
Globalisering het 'n breuk in tradisies en kulture gebring (2)
Lei tot kulturele eenvormigheid (2)
Familiebande gaan verlore (2)
Verspreiding van siektes, virusse, ens. het makliker geword (2)
(**Enige VIER**) (4 x 2) (8)

3.5 3.5.1 Hernubare energiebronne kan oor 'n relatief kort tyd vervang word soos bome (1), maar nie-hernubare energiebronne neem langer tyd om hulself te vervang soos olie (1)
(**Konsepte**) (2 x 1) (2)

3.5.2 son (1)
wind (1)
hidroëlektrisiteit (1)
(**Enige TWEE**) (2 x 1) (2)

3.5.3 Die kernramp by Fukushima in Japan in 2011 (1)
Son-, wind- en hidrokragstasies begin 'n groter rol speel (1)
Resultate van die referendum dui daarop dat kiesers ten gunste van omgewingsvriendelike energie is (1) (2 x 1) (2)

3.5.4 Hoë koste van die bou van kernkragstasies (2)
Vorige ongelukke soos Tsjernobil en kernkragsentrale in Fukushima (2)
Soos fossielbrandstowwe is kernbrandstowwe nie-hernubare energiebronne (2)
As daar 'n ongeluk is, kan groot hoeveelhede radioaktiewe materiaal in die omgewing vrygestel word (2)
Kernafval bly radioaktief en is duisende jare gevaarlik vir die gesondheid (2)
(**Enige TWEE**) (2 x 2) (4)

3.5.5 Toename in elektrisiteitskoste sal die armes benadeel (2)
Produksiekoste sal toeneem, met 'n verhoging in produkpryse (2)
Industriële produksie sal daal, met 'n negatiewe invloed op die uitvoermark (2)
Vermenigvuldiger-effek van werksverliese, bv. afname in lewenskwaliteit (2)
(**Enige TWEE**) (2 x 2) (4)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

3.6 3.6.1 Minerale deeltjies (1)
Lug (1)
Water (1)
Organiese materie (1)
Biota (1)
(**Konsep**) (1 x 1) (1)

3.6.2 Toename in die globale bevolking (1) (1 x 1) (1)

3.6.3 Toenemende vraag na gesonde en voedsame kos (1)
Landbouproduksie sal wêreldwyd met 60% toeneem en 100% in ontwikkelende lande (1) (2 x 1) (2)

3.6.4 Verhinder grondproduksie (1)
Affekteer voedselproduksie (1) (2 x 1) (2)

3.6.5 (a) Dit kan lei tot 'n gemiddelde oesopbrengs verhoging van 83% (1 x 2) (2)

(b) ***Hou grond beplant:***
Die wortels van plante help om grond ferm te hou (2)
Dit help dus om gronderosie te voorkom (2)
Plantegroei verminder die impak van reënval op grond en moedig infiltrasie aan (2)
Wisselbou:
Verskillende soorte gewasse gee verskillende voedingstowwe aan die grond, hou dus die grond vrugbaar (2)
Rotering van gewasse help om grondstabiliteit te verbeter deur te wissel tussen gewasse met diep wortels en dié met vlak wortels (2)
(**BEIDE BESTUURSSTRATEGIEË MOET BESPREEK WORD**) (4 x 2) (8)
[75]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 (D) Handelsbevryding (1)

4.1.2 (A) Handelsvoorwaardes (1)

4.1.3 (I) Tarief (1)

4.1.4 (E) Betalingsbalans (1)

4.1.5 (B) Handelsbalans (1)

4.1.6 (G) Embargo (1)

4.1.7 (C) Proteksionisme (1)

4.1.8 (F) Handelsblok (1) (8 x 1) (8)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

4.2	4.2.1	bioties (1)		
	4.2.2	Bebossing (1)		
	4.2.3	preservering (1)		
	4.2.4	Kyoto-protokol (1)		
	4.2.5	Onbetroubaar (1)		
	4.2.6	konvensionele (1)		
	4.2.7	Eskom (1)	(7 x 1)	(7)
4.3	4.3.1	Wanneer mans en vroue dieselfde regte en geleenthede geniet in alle sektore van die samelewing, insluitend deelname en besluitneming (1) (**Konsep**)	(1 x 1)	(1)
	4.3.2	Weeklikse loon is 18,2% minder as dié van mans (1) Vroue se gemiddelde superuitbetaling/bonus is effe meer as die helfte (59%) vergeleke met dié van mans (1)	(2 x 1)	(2)
	4.3.3	Dit kan 'n invloed hê op die tipe opvoeding van die kinders, wat hul toekomstige welsyn kan beïnvloed (2) Nie toegang tot gehaltebehuising en mediese dienste (2) Algemene afname lewenstandaard (2) (**Enige TWEE**)	(2 x 2)	(4)
	4.3.4	Vroue sal 'n groter hoeveelheid geld aan belasting bydra, wat die BBP sal verhoog (2) Vroue bring diversiteit in bestuur en besluitneming, wat sal bydra tot hoër winsgewendheid van die maatskappy (2) Maatskappye sal 'n groter mark aantrek, aangesien ander vroue met dié op die direksie vereenselwig (2) Diversiteit in bestuur kan meer beleggers lok, wat lei tot die uitbreiding van die maatskappy (2)	(4 x 2)	(8)
4.4	4.4.1	Dit is 'n strategie om 'n plek in die wêreldekonomie vir 'n sekere soort uitvoerproduk te vind / Indien 'n land besluit om ontwikkeling op die uitvoer van goedere te baseer (1) (**Konsep**)	(1 x 1)	(1)
	4.4.2	Staatsubsidies (1) Beter toegang tot plaaslike markte (1)	(1 x 1)	(1)
	4.4.3	Lande verdien genoeg harde buitelandse valuta om goedere wat elders goedkoper vervaardig is, in te voer (1)	(1 x 1)	(1)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

4.4.4 Uitvoer-gerigte groei skep wins en werksgeleenthede (2)
Veredeling van grondstowwe (2)
Skuld kan terugbetaal of oortref word deur die uitvoer van die kommoditeit (2)
Positiewe handelsbalans kan geskep word (2)
Sommige invoere kan vervang word deur selfproduksie (2)
(**Enige TWEE**) (2 x 2) (4)

4.4.5 Kompeteer met meer ontwikkelde lande met meer tegniese en finansiële hulpbronne en fasiliteite (2)
Handelsbeperkings en proteksionisme kan die uitvoer van die kommoditeit belemmer (2)
Die plaaslike markte kan 'n baie lae koopkrag hê (2)
(**Enige TWEE**) (2 x 2) (4)

4.4.6 Dit sal produktiwiteit verhoog (2)
Skep meer werksgeleenthede as gevolg van verhoogde vervaardiging (2)
Buitelandse valuta kan gebruik word om ander kommoditeite in te voer (2)
Hoë buitelandse valutareserwes kan lei tot internasionale beleggers wat in die land belê (2)
(**Enige TWEE**) (2 x 2) (4)

4.5 4.5.1 Die hoeveelheid koolstofdioksied vrygestel in die atmosfeer as gevolg van die aktiwiteite van 'n individu, organisasie of gemeenskap (1)
(**Konsep**) (1 x 1) (1)

4.5.2 Uitlatings deur motorvoertuie (1)
Brand van fossielbrandstowwe (1)
Opwekking van elektrisiteit (1)
(**Enige TWEE**) (2 x 1) (2)

4.5.3 Gebruik energie-doeltreffende toestelle en skakel dit af wanneer dit nie gebruik word nie (2)
Skakel ligte af in leë kamers (2)
Gebruik energie-doeltreffende ligte (2)
Gebruik minder verwarmers (2)
Gebruik minder dekoratiewe ligte/lampe (2)
(**Enige TWEE**) (2 x 2) (4)

4.5.4 (a) Die proses om afvalmateriaal in nuwe materiaal en voorwerpe te omskep
(**Konsep**) (1 x 1) (1)

(b) Produksie van materiaal uit herwinning gebruik minder energie in vergelyking met grondstowwe (2)
Herwinning van papier beteken minder bome sal afgekap word (2)
Minder bome, beteken meer suurstof in die lug (2)
Herwinning van materiaal veroorsaak minder CO_2 (2)
(**Enige DRIE**) (3 x 2) (6)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

4.6	4.6.1	Dit is die gewone of tradisionele manier om energie op te wek (1) (**Konsep**)	(1 x 1)	(1)
	4.6.2	Eskom (1)	(1 x 1)	(1)
	4.6.3	252,578 gigawatts (1)	(1 x 1)	(1)
	4.6.4	Minste: 2005 (1) Meeste: 2007 (1)	(2 x 1)	(2)
	4.6.5	Steenkool (1) Kern (1) Hout (1) Hidro (1) (**Enige DRIE**)	(3 x 1)	(3)
	4.6.6	Verskillende soorte besoedeling word vrygestel, naamlik lugbesoedeling, geraasbesoedeling en waterbesoedeling (2) Steenkoolverbranding verhoog die vrystelling van koolstofdioksied, swaeldioksied en metaan (2) Koolwaterstowwe en stikstofoksiede skep rookmis (2) Swaar masjiene dra by tot geraasbesoedeling (2) Verhoogde koolstofvrystellings veroorsaak suurreën (2) Verhoogde kweekhuisgasvrystellings dra by tot aardverwarming en klimaatsverandering (2) Vermenigvuldiger-effek as gevolg van klimaatsverandering, bv. afname van woude, natuurrampe kom meer gereeld voor, ens. (2) (**Enige VIER**)	(4 x 2)	(8)
				[75]
			GROOTTOTAAL:	**225**

Kopiereg voorbehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore